**10 Junie** **Skrifgedeelte: Johannes 20:19-25**
**Fokusgedeelte: Johannes 20:19-25**

## My geloof ondanks my twyfel

Slaan u asem nog van opgewondenheid weg? Mense het al in Jesus se tyd verveeld met Hom begin word, sodanig dat Judas Hom vir ’n bietjie geld gaan verraai het en selfs Tomas in twyfel verval het: Sien is glo!

Die boodskap vertel van ekstase. Johannes begin hierdie boek met ’n lofprysing: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God en die Woord was self God ...” Daar waar die Heilige Gees hierdie dinge in mense se harte ingraveer, kom daar opgewondenheid en geloofsvrymoedigheid. Dit is daardie onmoontlikheid wat vandag steeds die stimulus is agter die geloofsvrymoedigheid van elke kind van die Here. Dit is daardie skaamteloosheid wat die Heilige Gees in jou hart influister: Ek behoort aan Jesus Christus.

Tog twyfel ons soms, vra vrae, inligtingsvrae, verstaansvrae, denkvrae en ook kritiese vrae. Hierdie verhaal oor Tomas is so ’n mensverhaal waarmee ons ons maklik kan identifiseer. Twyfel is nie die reël nie, dit is eerder die uitsondering. Tomas het wel getwyfel, maar sy twyfel het ’n bepaalde doel gehad, aangesien hy daardeur tot die waarheid wou deurdring. Tomas het nie sy twyfel gekoester nie, maar met geloof gereageer toe hy antwoorde op sy vrae kon vind. Twyfel was nie sy lewenswyse nie, maar ’n reaksie op die dissipels se vertelling dat Jesus opgestaan het uit die dood. Tomas het werklik hard probeer om getrou te bly aan wat hy geweet het, ondanks sy twyfel.

Dit is ’n goeie ding om nie alles wat in die naam van godsdiens, of deur ’n dominee of pastoor gesê of geskryf of gepreek word, te glo nie. Daarvoor het die Heilige Gees ons ’n maatstaf gegee: “Stel die geeste op die proef of hulle uit God is,” of nie.

*Sing: Psalm 92:1, 2; 146:2, 4; 25:2, 4(118); 68:9; 138:1,4*

*Ds. PK Lourens (Bloemfontein-Oos)*